

# RESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 28 FEBRUARIE 2018



PSG GROEP BEPERK

**HERHALENDE VERDIENSTE** ↑ 7% tot **R9,94** per aandeel

**SVDD-WAARDE** van **R252,81** per aandeel op 20 April 2018

**DIVIDEND VIR DIE JAAR** ↑ 11% tot **R4,15** per aandeel

## OORSIG

PSG Groep Bpk ("PSG") is 'n beleggingshouermaatskappy met onderliggende beleggings wat bedrywig is in verskeie industrieë insluitend bankwese, onderwys, finansiële dienste, voedsel- en verwante sake, asook vroeëfase-beleggings in sekere groeisektore. PSG se markkapitalisasie (netto van tesourie-aandele) is ongeveer R49mjd.

## PRESTASIE

Die twee sleutelmaatstawwe waarvolgens PSG prestasie meet, is die *som-van-die-dele* ("SVDD")-waarde en *herhalende verdiens*te per aandeel, aangesien langtermyn groei in PSG se SVDD-waarde en aandeelprys sal afhang van onder meer volgehoue groei in die *herhalende verdiens*te per aandeel van ons onderliggende beleggings.

## SVDD

Die berekening van PSG se SVDD-waarde is eenvoudig en verlang beperkte subjektiewe aangesien meer as 90% van die waarde bereken word deur JSE-genoteerde aandeelpryse te gebruik, terwyl ander beleggings teen markverwante waardasies ingesluit word. Op 28 Februarie 2018 was die SVDD-waarde per PSG-aandeel R255,17 (2017: R240,87), wat 'n styging van 6% verteenwoordig. Op 20 April 2018 was dit R252,81 per aandeel. Op 28 Februarie 2018 was die vyf-jaar saamgestelde jaarlikse groeikoers ("SJGK") van beide PSG se SVDD-waarde en aandeelprys 29%.

Bate/(las)	29 Feb 2016 Rm	28 Feb 2017 Rm	28 Feb 2018 Rm	20 Apr 2018 Rm	Deel van totaal	Vyf-jaar SJGK*
Capitec*	16 820	25 727	29 540	30 670	54%	35%
Curro* (Stadio ingesluit tot ontbondeling in Okt 2017)	9 773	11 180	7 987	7 079	12%	13%
PSG Konsult*	5 441	6 084	7 048	7 363	13%	25%
Zeder*	2 815	5 398	4 823	4 464	8%	14%
PSG Alpha	1 367	1 909	5 201	4 626	8%	29%
Stadio* (sedert ontbondeling vanuit Curro in Okt 2017)			2 379	1 727		
Ander beleggings*	1 367	1 909	2 822	2 899		
Dipeo*	557	812	535	378	1%	
Ander bates	5 868	3 586	2 603	2 604	4%	
Kontant*	2 895	1 513	1 000	962		
Voorkeuraandeelbeleggings en lenings ontvangbaar*	1 335	2 002	1 558	1 597		
PSG Corporate**	1 510					
Ander*	128	71	45	45		
<b>Totale bates</b>	<b>42 641</b>	<b>54 696</b>	<b>57 737</b>	<b>57 184</b>	<b>100%</b>	
Ewigdurende voorkeuraandeel-befondsing*	(1 309)	(1 350)	(1 278)	(1 184)		
Ander skuld*	(949)	(949)	(949)	(1 004)		
<b>Totale SVDD-waarde</b>	<b>40 383</b>	<b>52 397</b>	<b>55 510</b>	<b>54 996</b>		
<b>Aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)</b>	<b>216,3</b>	<b>217,5</b>	<b>217,5</b>	<b>217,5</b>		
<b>SVDD-waarde per aandeel (R)</b>	<b>186,67</b>	<b>240,87</b>	<b>255,17</b>	<b>252,81</b>		29%
<b>Aandeelprys (R)</b>	<b>173,69</b>	<b>251,43</b>	<b>217,50</b>	<b>226,45</b>		29%

\* Genoteer op die JSE Bpk \* SVDD-waarde \*\* Waardasie ^ Drawaarde

# Gebaseer op aandeelprys/SVDD-waarde per aandeel

Let wel: PSG se huidige SVDD is beskikbaar by [www.psggroup.co.za](http://www.psggroup.co.za)

## HERHALENDE VERDIENSTE

PSG se *herhalende verdiens*te per aandeel het met 7% gestyg na veerkragtige prestasie van die meerderheid van PSG se kernbeleggings gedurende die oorsigjaar (Capitec het met 18% gestyg, Curro-skole met 17%, PSG Konsult met 16% en PSG Alpha met 4%). Dit is egter teengewerk deur Zeder se swakker prestasie (35% laer), aangesien dit grotendeels belê is in die voedsel- en verwante sektore wat negatief geraak is deur besonder strawwe toestande.

	29 Feb 2016 Rm	28 Feb 2017 Rm	Veran- dering %	28 Feb 2018 Rm
Capitec	989	1 164		1 369
Curro (Stadio ingesluit tot ontbondeling in Okt 2017)	58	96		110
PSG Konsult	254	300		348
Zeder	212	275		205
PSG Alpha (Stadio ingesluit sedert ontbondeling in Okt 2017)	113	133		172
Dipeo	(28)	(20)		(56)
PSG Corporate	69	29		(7)
Ander (hoofsaaklik voorkeurdividendinkomste)	101	112		136
<b>Herhalende verdiens</b> te voor befondsing	<b>1 768</b>	<b>2 089</b>	<b>9</b>	<b>2 277</b>
Befondsing (netto van rente-inkomste)	(148)	(104)		(135)
<b>Herhalende verdiens</b> te	<b>1 620</b>	<b>1 985</b>	<b>8</b>	<b>2 142</b>
Nie-herhalende items	(250)	160		(186)
<b>Wesensverdiens</b> te	<b>1 370</b>	<b>2 145</b>	<b>(9)</b>	<b>1 956</b>
Nie-wesensitems	113	17		(42)
<b>Toeskryfbare verdiens</b> te	<b>1 483</b>	<b>2 162</b>	<b>(11)</b>	<b>1 914</b>
<b>Geweegde gemiddelde aantal uitgereikte aandele (netto van tesourie-aandele) (m)</b>	<b>205,7</b>	<b>214,2</b>	<b>1</b>	<b>215,5</b>
<b>Verdiens</b> te per aandeel (R)				
- Herhalende	7,88	9,27	7	9,94
- Wesens-	6,66	10,01	(9)	9,08
- Toeskryfbare	7,21	10,09	(12)	8,88
<b>Dividend per aandeel (R)</b>	<b>3,00</b>	<b>3,75</b>	<b>11</b>	<b>4,15</b>

PSG se *wesens-* en *toeskryfbare verdiens*te per aandeel het met onderskeidelik 9% en 12% gedaal, hoofsaaklik as gevolg van ongerealiseerde bilikewaarde-verliese wat op Dipeo se beleggingsportefeulje gely is, teenoor ongerealiseerde bilikewaarde-winsse wat in die vorige jaar behaal is.

## VOORUITSIGTE

Hoewel veral Zeder 'n moeilike jaar beleef het, glo ons dat PSG se beleggingsportefeulje goed geposisioneer is om bogemiddelde opbrengste aan te hou lewer.

## DIVIDEND

PSG se beleid is steeds om tot 100% van beskikbare vrye kontantvloei as 'n gewone dividend te betaal, waarvan ongeveer een derde as 'n tussentydse dividend betaalbaar is en die res as 'n finale dividend met jaareinde. Die direkteure het besluit om 'n finale bruto dividend van 277 sent (2017: 250 sent) per aandeel uit inkomstereserwes te verklaar, wat die totale bruto dividend op 415 sent (2017: 375 sent) per aandeel te staan bring vir die jaar geëindig 28 Februarie 2018.

Die finale dividendbedrag, na aftrekking van Suid-Afrikaanse dividendbelasting van 20%, is 221,6 sent per aandeel vir aandeelhouders wat nie van dividendbelasting vrygestel is nie. Die aantal uitgereikte gewone aandele op die verklaringsdatum is 231 449 404, en die inkomste-belastingnommer van die maatskappy is 9950080714.

Die belangrike datums vir hierdie dividenduitkering is:

Laaste dag vir verhandeling met dividend	Dinsdag, 15 Mei 2018
Verhandeling sonder dividend begin	Woensdag, 16 Mei 2018
Rekorddatum	Vrydag, 18 Mei 2018
Betaaldatum	Maandag, 21 Mei 2018

Aandeelsertifikate mag nie tussen Woensdag, 16 Mei 2018, en Vrydag, 18 Mei 2018, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

## NAGESIENE FINANSIËLE RESULTATE

Hierdie verkorte aankondiging bevat slegs 'n opsomming van die inligting in die volledige aankondiging wat op Dinsdag, 24 April 2018 op die Sekuriteitebeursnuusdiens ("SENS") vrygestel is, en is die verantwoordelikheid van die direksie. Raadpleeg asseblief die volledige aankondiging vir addisionele inligting. Die volledige aankondiging is op PSG se webwerf beskikbaar by [www.psggroup.co.za](http://www.psggroup.co.za) of kan gedurende kantoorure gratis aangevra en in persoon verkry word by die geregistreerde kantoor van die maatskappy of die maatskappy se borgmakelaar. Enige beleggingsbesluite moet gebaseer word op 'n oorweging van die inligting in die volledige aankondiging wat op SENS vrygestel is.

Namens die direksie

**Jannie Mouton**  
Voorsitter

**Piet Mouton**  
Hoof Uitvoerende Beampte

**Wynand Greeff**  
Hoof Finansiële Beampte

Stellenbosch  
24 April 2018

## PSG GROEP BPK ("die maatskappy"):

Registrasiensnommer: 1970/008484/06  
JSE-aandelekode: PSG ISIN-kode: ZAE000013017

## DIREKTOURE:

JF Mouton (Voorsitter)\*, PE Burton\*, ZL Combi\*, FJ Gouws\*, WL Greeff (HFB)\*, JA Holtzhausen\*, B Mathews\*, JJ Mouton\*, PJ Mouton (HUB)\*, CA Otto\*  
\* Uitvoerend \* Nie-uitvoerend ^ Onafhanklik nie-uitvoerend

## MAATSKAPPYSEKRETARIS EN GEREGISTREERDE KANTOOR:

PSG Corporate Services (Edms) Bpk,  
1ste Verdieping Ou Kollege, Kerkstraat 35, Stellenbosch, 7600; Posbus 7403, Stellenbosch, 7599

## OORDRAGSEKRETARIS:

Computershare Investor Services (Edms) Bpk,  
Rosebank Towers, Biermannlaan 15, Rosebank, 2196; Posbus 61051, Marshalltown, 2107

## BORGMAKELAAR: PSG Capital

## OUDEUR: PricewaterhouseCoopers Gëink.